# Hey! Brokkies Nuus Februarie 2014

## HEY! IN 'N NEUTEDOP : Ons fokus areas is

**1) Koningkryks uitbreiding**
**2) Geestelike groei en dissipelmaking**
**3)Volwassenes toe te rus/op te lei**


Rustenhofplaas "smiles"


De Hoop pret!

Die afgelope jaar het ons bediening baie sterk gefokus om kinders die keuse te bied om Jesus as hul verlosser en saligmaker te aanvaar en hulle dan op 'n pad van geestelike groei te begelei. Ons is hoofsaaklik betrokke by kinders van gr RR tot gr 7



Mailbox club opleiding vir aanbieders-ons groei!

**1.Wonder jy dalk wie bedien die kinders? Mammas, pappas, oumas, oupas en ander wie die Here roep en wie radikaal gehoorsaam is aan Sy roepstem** ♥ Die HEY! bediening sal gladnie bestaan sonder die wonderlike **aanbieders** wie elk bereid is om van hul **tyd en liefde** te **gee** nie. Die feit dat jy hierdie nuusbrief lees is genoeg bewys dat jy ook 'n **hart vir kinderbediening** het en daarom het ek die vrymoedigheid om te **vra dat jy sal intree vir die HEY! span en elke persoon wie 'n rol vervul as groepleier. Bid veral vir elk en hul gesinne se gesondheid, huwelike, verhoudinge, Geestelike groei en vars ontmoeting met God elke dag! ...EN hope ENERGIE en passie!!!**

Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste


**2.Wat moet gebeur voor les kan plaasvind?**

**1.Mense word gewerf by spesifieke skool, deur "word of mouth" of by kerke**
**2.Opleiding word verskaf:** dit is 'n deurlopende proses en groeigeleenthede word gebied selfs aan persone wie al lank in bediening staan.
**3. Voorbereiding vir les sal insluit a)beplanning van lesse vir elke week van kwartaal b) maak van hulpmiddele vir aanbieders c)items soos onthou Bybelversie per kind word voorberei.d)voorberei en stil word by die Here** HEY! poog om aanbieders so min moontlik te belemmer met a) tot c) sodat hulle kan fokus op stilword by God en voorberei van les.

**3.Waar bedien HEY! tans in Wes-Kaap? Die volgende plekke het aanbieders wie weeklikse Bybellesse aanbied, sommige in skooltyd, ander in pouse, voor-of na skool. Ons dank God vir hierdie grondgebied- hierdie is Sy bediening en Hy open deure soos Hy die beste weet!**

**1.Lochnerhof l/s** in Strand: 1060 kinders
**2.Beaumont l/s** in Somerset-Wes: 620 kinders
**3.Danie Ackermann l/s** in Somerset-Wes: 405 kinders
**4.De Hoop:** in Somerset-Wes 90 kinders
**5.Croydon plaasbediening:** 45 kinders
**6.Rustenhofplaas :** 45 kinders
**7.Blaauwklippen:** 30 kinders
**8.Somerset-Wes primêr**, Som-Wes: 40
**9.Bonnytoun** in De Novo: 50 seuns
**10.Lindilani :** 50 kinders
**11.Lawrencia primêr in De Novo:** 90 kind


Lochnerhof noem hul Bybellesse LAB4J en hulle "vat vlam vir Jesus"


Bybels vir Danie Ackermann